


Name

# 'n Nuwe troeteldier



Lees die storie en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

Die maan skyn helder. Dit is net na middernag Vrydagaand, en Marietjie lê **wawyd** wakker in haar bed. Sy kan nie slaap nie, want sy is opgewonde oor die hondjie wat sy gaan aanneem. Sy en Nomsa gaan die hondjie die volgende oggend by die diereskuiling uitsoek. Marietjie is die enigste meisie in die klas wat nog nie 'n troeteldier het nie, omdat sy nog altyd in 'n woonstel gewoon het. Hulle gesin het egter onlangs na 'n huis toe getrek en sy het begin om haar sakgeld te spaar sodat sy 'n hondjie kon aanneem.

Uiteindelik breek die volgende oggend aan, en Marietjie spring uit die bed uit. Sy was haarself, trek aan en wag dan **ongeduldig** vir haar maat Nomsa. Nomsa het belowe om saam met Marietjie na die diereskuiling te gaan om haar te help om 'n hondjie te kies.

Uiteindelik arriveer Nomsa se bus. Nomsa spring af, draf **vinnig** na Marietjie-hulle se voordeur toe, en groet Marietjie se gesin **vrolik**. Die twee meisies begin **gretiglik** na die diereskuiling toe stap. Hulle is albei opgewonde, en hulle gesels en lag **uitbundig**. By die verkeerslig steek hulle die pad **versigtig** oor en kom uiteindelik by die diereskuiling aan.

LIVEWORKSHEETS

Toe Marietjie by die skuiling aankom, is sy skoon **pootuit**. Sy moet eers gaan sit om asem te skep. Die vriendelike ontvangsdame neem die twee meisies na 'n kamer waar ses klein hondjies in 'n mandjie lê en slaap. Die meisies gaan by die hondjies hurk en streel hulle **saggies**, terwyl hulle wonder watter een hulle moet kies.




Die **bestuurder** kom ingestap. "Goeiemôre, jong dame, ek verstaan dat jy graag 'n hondjie wil aanneem?" vra sy vriendelik.

"Ja, mevrou," antwoord Marietjie. "Ek het die geld wat ek vir my verjaarsdag gekry het en die geld wat ek met takies in die huis verdien het, gespaar!" Haar oë blink. "Dit sal my eerste troeteldier wees," sê sy **opgewonde** vir die bestuurder. "Ek het nog nooit tevore een gehad nie."

"Nou ja, kom ek vertel vir jou van hierdie hondjies," sê die bestuurder. "Die hondjies met die rooi, groen en geel halsbandjies is reeds aangeneem. Daar bly dus net twee hondjies oor waaruit jy kan kies: die een met die pienk halsband en die een met die blou halsband."

"O," sê Marietjie, "en wat van die een met die pers halsbandjie? Is hy ook reeds aangeneem?"

"O, daardie een," antwoord die bestuurder. "Jy sal hom nie wil hê nie. Daar skort iets met sy heupies, en hy sal nooit kan hardloop of met 'n bal kan speel nie."



LIVEWORKSHEETS

Marietjie kyk na al die hokke om haar. Sy kyk na die **wollerige** wit hondjies, die klein bruin hondjies, die groot, vriendelike, geel honde, na die katte en die babakatjies.

Beskryf nou elke hondjie deur na hul halsbandjies te kyk en na die vet gedrukte woorde.







LIVEWORKSHEETS







Watter een van die hondjies sou jy kies en waarom sou dit jou keuse wees.

LIVEWORKSHEETS